# Deel 10 - 27 September 2022 - Profetiese betekenis van die opwekking van die weduwee se seun

Openbaring 4

1 NÁ hierdie dinge het ek gesien - kyk, **'n geopende deur in die Hemele,** en die eerste Stem wat ek soos 'n ramshoring met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur.

2 En **dadelik was ek in die Gees**, en kyk, daar staan 'n Troon in die Hemele en Een sit op die Troon.

3 En Hy wat daarop sit, het in Sy voorkoms gelyk soos die Steen jaspis en sardius; en rondom die Troon was 'n reënboog wat in Sy voorkoms gelyk het soos 'n smarag.

4 En rondom die Troon was daar vier-en-twintig trone, en op die trone het ek die vier-en-twintig oudstes sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad. [Boekrol van Henog 14:20]

5 En daar het weerligte en donderslae en stemme uit die Troon uitgegaan, en **sewe vuurfakkels wat die sewe Geeste van die Elohim** is, **het voor die Troon gebrand;**

6 en voor die Troon was daar 'n see van glas soos kristal, en in die middel van die Troon en rondom die Troon **vier lewende Wesens** vol Oë van voor en van agter. [Boekol van Henog 40:2; 71:5; JeségiEl 1:5]

7 En die eerste lewende Wese was soos 'n **leeu**, en die tweede lewende Wese was soos 'n **kalf**, en die derde lewende Wese het 'n gesig gehad soos 'n **adamiet**, en die vierde lewende Wese was soos 'n **arend** wat vlieg. [JeségiEl 1:10]

8 En die vier lewende Wesens het elkeen vir homself **ses Vleuels** gehad, en hulle was rondom en van binne vol Oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Apart gestel, Apart gestel, Apart gestel is JaHWeH Elohim, El Almagtige, wat was en wat is en wat kom! [JeshaJaH 6:3, Boekrol van Henog 39:12; Openbaring van Henog 9:6]

9 En elke keer as die lewende Wesens Glans en Eer en danksegging gee aan Hom wat op die Troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe, [Boekrol van Henog 39:13]

10 val die vier-en-twintig oudstes neer voor Hom wat op die Troon sit, en aanbid **Hom wat tot in alle ewigheid lewe**, en werp hulle krone voor die Troon en sê:

11 U is waardig, o JaHWeH, onse Elohey, om te ontvang die Glansrykheid en die Eer en die Krag, want U het alles geskape en deur U wil bestaan hulle en is hulle geskape.

***Openbaring aan Deborah Waltron Fry op 15 September 2022***

Ek het in die Gees baie pragtige reënboogkleurige vlerke gesien.

Hulle was pragtige Wesens, apart, maar een in Hom. Hulle was alle kleure, alle groottes, alle ouderdomme. **Hulle was die Kinders van Elohim wat uiteindelik hul aardse sorge laat vaar het en opgestaan het in die Heerlike Winde van die Gees**. Terwyl hulle na JaHshua gekyk het, na Abba Vader daarbo, was dit asof hulle gesweef het, opgegaan het, opgestyg het na Realms (Geestelike vlakke) van Heerlikheid. Hulle was verander van heerlikheid na selfs groter heerlikheid; omvorm na Sy Beeld op die Winde van Verandering.

"Geliefde. Laat jou gedagtes vrede wees en laat jou gees vry vlieg. Gaan omhoog op die Winde van Verandering. Ek hou jou vas. Jy is soos 'n Duif wat vrygelaat is. Geestelike dinge kan net geestelik onderskei word. Dink net aan hierdie dinge: Wat ookal waar is, wat ookal eerbaar is, wat ookal reg is, wat ookal rein is, wat ookal lieflik is, wat ookal bewonderenswaardig is—as enigiets voortreflik of lofwaardig is—dink aan hierdie dinge. Want soos wat jy dit doen, sal al die rommel jou gedagtes verlaat. Laat gaan dit en laat God in.

"Die vlerke van My Duif is omhul met silwer, Haar vere met glansende goud. **Want jy is verlos en het 'n Koningseun en 'n Koningsdogter geword**. Dit is vir jou om die Geheimenisse van die Koninkryk te ken. Jy het die Gees van Messias. Vernuwe jou verstand met die wassing van die Woord. Wees vry, dierbare Een. Soek om net vir JaHshua Messias as die gekruisigde te ken. Ek is al wat jy nodig het. **Want wie die Seun vrygemaak het, hy is waarlik vry.**

"Jy is saam met Christus opgewek om langs die Majesteit in die Hemelse Realms te sit. Voor My Troon is 'n **Reënboog van Ligte, die Sewe Geeste van Elohim, die Sewe Vlamme van die Gees**. Die Winde van Verandering vloei voort vanuit die troon van Genade en **blaas alle verwarring weg**. Laat gaan, My kind. Gaan saam met die Hemelse Vloei. Uit die Troon kom Weerlig en Donderslae en Stemme.

"Hoor hoe die Gees jou roep, geliefde. Staan op en skyn in al jou heerlikheid. Nie in ’n mens se wysheid nie, maar jy sal vloei in die demonstrasie van My Gees en van My Krag, sodat jou geloof nie in die wysheid van mense sal bestaan nie, maar in die krag van julle Elohim, soos geskrywe is: Die oog het nie gesien en die oor nie gehoor en niks het nog in die hart van 'n mens opgekom oor wat God berei het vir die wat Hom liefhet nie.

"Maar Ek openbaar dit aan julle deur my Gees, want die Gees ondersoek alle dinge, ja, selfs die dieptes van Elohim. Diep roep tot diep. Heerlikheid roep tot heerlikheid. Moenie probeer om met julle verstand te

verstaan nie. Laat net gaan en laat jou Gees nuwe Hoogtes bereik.

"Die Meester is Gees, en waar die Gees van die Meester is, daar is vryheid. JA, My kind! En julle, wat met onbedekte aangesigte almal die Heerlikheid van die Meester weerspieël, word omvorm na My Beeld met ewig aanhoudende sterkerwordende Heerlikheid, wat van die Meester af kom, Wie Gees is.

"Kom vlieg saam met My, Geliefdes. Die Wind waai waar hy wil. Jy hoor sy Klank, maar jy weet nie waar dit vandaan kom of waarheen dit gaan nie. So is dit met elkeen wat uit die Gees gebore is. Soos wat die wind suidwaarts waai, dan noordwaarts draai, om en om dwarrel dit, maar keer altyd terug op sy koers, so keer julle terug na My, My Geliefde. Hoe beeldskoon is jy, My liefling! O, hoe ontsettend beeldskoon! Jou oë is soos duiwe. Wees vry vir eens en vir van alle tye!"

********************************************
****** *******************

Aanhalings uit die Boek van Herinnering en waar nodig 1953 Afr. vert

Psalm 68:13 As julle daar lê tussen die veekrale, is die vlerke van die Duif oordek met silwer en Haar vere met liggroen goud..

2 Korintiërs 3:17-18 Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid. 18 En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is.

1 Korintiërs 2:1-5 En toe ek by julle gekom het, broeders, het ek nie aan julle die getuienis van God kom verkondig met voortreflikheid van woorde of van wysheid nie, 2 want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde. 3 Ek was ook by julle in swakheid en in vrees en in veel bewing; 4 en my rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag, 5 sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God.

1 Korintiërs 2:9 "maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet. 10 Maar God het dit aan ons geopenbaar deur sy Gees, want die Gees deursoek alle dinge, ja, die dieptes van God."

Johannes 3:7-8 "Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet van Bo gebore word nie. 8 Die Gees waai waar Sy wil, en jy hoor Haar geluid, maar jy weet nie vanwaar Sy kom en waarheen Sy gaan nie. **So is elkeen wat uit die Gees gebore is."**

Filippense 4:6-8 "Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. 7 En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus. 8 Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is—watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit."

Prediker 1:6 "Die wind gaan na die suide en slaan om na die noorde, gaan altyddeur rond, en die wind keer na sy kringloop terug."

Prediker 11:5 "Soos jy nie weet wat die weg van die wind is, of hoe die gebeente in die skoot van 'n swangere is nie, net so weet jy nie die werk van God wat alles doen nie."

Versoendag - Levitikus 23:

26 Verder het JaHWeH met Moshè gespreek en gesê:

27 Maar op die tiende van hierdie sewende maand is dit die **dag van Versoening**. 'n Samekoms van Apartheid moet dit vir julle wees; dan moet julle jul siel verootmoedig en aan JaHWeH 'n bereiding deur vuur naderbring.

28 En op daardie selfde dag mag julle géén werk doen nie, want dit is 'n dag van Versoening om vir julle versoening te doen voor die Aangesig van JaHWeH julle Elohey.

29 Want elke siel wat haar nie verootmoedig in liggaam [op] die dag nie, dié siel sal haar afsny uit haar volksgenote.

30 En elke siel wat in liggaam enige werk doen [op] hierdie dag, Ek sal dié siel vernietig vanuit haar volk uit.

31 Julle mag géén werk doen nie; dit is 'n ewige Insetting vir julle geslagte in al julle woonplekke.

32 'n Sabbat van Sabbatsonderhouding moet dit vir julle wees, en julle moet jul siel verootmoedig. Op die negende van die maand na sononder, van sononder tot sononder, moet julle op jul Sabbat sabbatteer.